# Treffer uitstallings

DEIDRE CARELSE, HELOISE PEKEUR, ENA DE BEER
**Swellendam Biblioteek**

Die doel van uitstallings is om die gebruikers bewus te maak van spesifieke boeke in die biblioteek sowel as om 'n atmosfeer te skep.

Idees wat in gedagte gehou kan word met die maak van uitstallings:

- ☆ Werk rondom belangrike dae, datums of gebeure in die dorp/stad, land en wêreld.
- ☆ Kies die formaat vir die uitstalling wat in die beskikbare ruimte sal pas.
- ☆ Hou die beskikbare boeke en uitstalmateriaal in gedagte.
- ☆ Probeer om op 'n spesifieke tema te fokus en om die kyker in die uitstalling in te trek.
- ☆ Gebruik onderwerpe waarmee die gebruikers nie bekend is nie.
- ☆ Gebruik minder waardevolle items, ingeval dit vervang moet word weens diefstal.
- ☆ Plaas materiaal skuins om ritme in die uitstalling te verleen.
- ☆ Te veel verskillende items laat 'n uitstalling deurmekaar lyk.
- ☆ Kleiner items soos plakkers en boekmerke moet gegroepeer wees op 'n gestruktureerde manier binne die uitleg van die uitstalling sodat dit bymekaar is.
- ☆ Plante en ander items kan gebruik word om aan uitstallings lewe te gee.







*Bo regs: Die uitstalling bestaan uit verskeie kleiner elemente. Alhoewel dit op 'n baie groot uitstalbord gebruik is, is die items saamgegroepeer as fokuspunt*

*Regs: 'n Belangrike dag as tema prikkel belangstelling in onderwerpe wat daaraan verwant is. Hier word ongewone, maar waardelose uitstalelemente soos blare gebruik wat by die onderwerp pas*

*Regs onder: Nog 'n voorbeeld van 'n uitstalling met 'n belangrike week as tema. Die gebruiker se aandag word deur die buitengewoon groot oë getrek*

*Links onder: Plante en ander items wat in dieselfde kleurskema uit papier gemaak is, gee lewe aan die uitstalling om 'n driedimensionele effek te skep*

*Links: Die kurwes wat die letters volg, verskaf ritme en 'n gevoel van beweging*







